Jul | VOL 68 | 2026

Die Kwetter Gazette — Nuusbrief

The Twitter Gazette — Newsletter




# *Die Eerste Poskantoor in Suid Afrika*

Die eerste briefaflewering by die Poskantoorboom in Mosselbaai is een van Suid-Afrika se merkwaardigste seevaartstories.

In 1500 het die Portugese bevelvoerder Pedro d'Ataide 'n brief in 'n matroos se stewels geplaas wat aan die melkhoutboom gehang het, nadat storms sy vloot naby Indië verstrooi het. Die boodskap het gewaarsku teen gevaarlike waters en nuus van sy reis gedeel. In 1501 het die ontdekkingsreisiger João da Nova in Mosselbaai aangekom, die stewels ontdek en die brief uitgehaal. Dit het die eerste aangetekende posaflewering in Suid-Afrika geword.

Die Poskantoorboom het 'n simbool van wêreldkommunikasie tydens die Era van Ontdekkings geword. Dit wys hoe matrose 'n geïmproviseerde posstelsel geskep het lank voordat formele infrastruktuur bestaan het. Vandag kan besoekers steeds briewe plaas in die gedenkwaardige stewelvormige posbus, wat gestempel word met 'n spesiale merk ter ere van hierdie tradisie.





KWETTER • TWITTER GAZETTE
Nuus News

# BOODSKAP VAN DIE VOORSITTER

## 'N NUWE HOOFSTUK — MET DANKBAARHEID EN ENTOESIASME

Geagte mede-inwoners en eienaars,
Welkom by die eerste Kwetter van ons nuwe Bestuurskomitee (BK). Dit is vir my ’n groot voorreg om hierdie paar reëls te skryf namens ’n span mense wat vol energie en vars planne is, maar bowenal, wat hierdie spesiale plek waar ons woon opreg liefhet en met toewyding wil dien.

Die winter het beslis sy intog gemaak — en hy het glad nie skaam gekom nie! Die afgelope weke se reën het die Tuinroete pragtig nat, groen en lewendig gelaat. Dit is veral wonderlik om te sien dat die Wolwedans-dam oorgeloop het en tans op ongeveer 100% staan, wat die Mosselbaai Munisipaliteit amptelik laat besluit het om alle waterbeperkings op te hef. As ’n mens op die landgoed rondstap, ruik die fynbos na nat grond en nuwe lewe, die aalwyne by ons landgoedkantoor blom pragtig, ons damme is propvol en ons gemeenskap leef.

Ons Algemene Jaarvergadering (AJV) op 23 Mei 2026 was ’n riem onder die hart en ’n duidelike bewys van die lewendige gemeenskapsgees by Monte Christo. Meer as 190 stemme is uitgebring, en die ondersteuning van ons lede was oorweldigend. Elke enkele voorstel is met ’n sterk meerderheid goedgekeur — van die finansiële state tot die grondwetswysigings. Hierdie is vir ons veel meer as net syfers op ’n papier; dit is ’n kragtige mandaat van vertroue wat die BK met groot dankbaarheid en ’n diep sin van verantwoordelikheid dra. Ons bou sáám aan Monte Christo, en ons sien uit na julle voortgesette steun en positiewe insette.

*Die nuwe Bestuurskomitee bestaan uit:*



*Heinrich van Zweel – Voorsitter (Kommunikasie, Beleid, Regsake en Grondwet-like Aspekte)*
*Gerhard Henning – Ondervoorsitter (Estetika en Argitektonies)*
*Marius de Wet – BK-lid (Sekuriteit, Veiligheid en Landgoedprojekte)*
*André van Schalkwyk – BK-lid (Nuut verkies) (Menslike Hulpbronne en Arbeidsverhoudinge)*
*Johan Coertze – BK-lid (Finansies)*
*Marius Swart – BK-lid (Nuut verkies) (Lid sonder portefeulje / Algemene ondersteuning)*
*Gerhard Olivier – BK-lid (Aangewese lid – Monte Christo Aftreeoord)*

*’n Groot dankie aan die vyf vorige BK-lede wat deur die gemeenskap herkies is — dit is ’n reuse-kompliment vir die werk wat reeds gedoen is. Hulle word nou versterk deur twee nuwe lede, en as ’n voltallige span sien ons baie uit na die pad vorentoe.*

*Hier is die amptelike uitslae van die AJV-stemming vir julle inligting:*

- *Finansiële state — 175 JA, 4 NEE (Goedgekeur)*
- *Bedryfsbegroting 2026/27 — 159 JA, 12 NEE (Goedgekeur — Opsie 2)*
- *Kapitaalbegroting — 160 JA, 18 NEE (Goedgekeur)*
- *Bulk vullisverwydering — 179 JA, 1 NEE (Goedgekeur)*
- *MCAO-heffingsbydrae — 133 JA, 53 NEE (Goedgekeur)*
- *EstateMate-proeftydperk — 133 JA, 45 NEE (Goedgekeur)*
- *Wysigings aan Gedragsreëls — 140 JA, 19 NEE (Goedgekeur)*
- *Wysigings aan Grondwet — 156 JA, 14 NEE (Goedgekeur)*

*Ons gemeenskap se veiligheid is iets wat ons nooit as vanselfsprekend aanvaar nie. Die BK het onlangs ’n baie konstruktiewe gesprek met ons sekuriteitsverskaffer, Niqua Sekuriteit, gevoer en ons is verheug om te sien dat hulle reeds proaktief optree met strenger toegangs- en veiligheidsmaatreëls. Terselfdertyd het die BK besef dat ons eie toegangsdatabasis dringende aandag benodig om dit op te ruim, en ons skop hiermee ’n volledige oudit daarvan af.*

*Ons versoek inwoners vriendelik om enige bekommernisse oor ongemagtigde toegang heeltemal vertroulik (en anoniem indien u verkies) by die landgoedkantoor aan te meld. U kan meer besonderhede hieroor in die Sekuriteitsafdeling van hierdie Kwetter lees.*

*Die langverwagte spoedhobbelprojek is uiteindelik in volle swang en vorder fluks ná verskeie uitdagings. Dit is ’n tasbare bewys dat ons as BK dinge met deursettingsvermoë en energie aanpak om blywende resultate vir die landgoed te lewer.*

*Ons het ook met groot dankbaarheid kennis geneem van verskeie voorstelle van inwoners om ons landgoed nog mooier en beter te maak. Die BK waardeer hierdie betrokkenheid opreg — dit is juis hierdie soort opbouende insette wat 'n gemeenskap laat floreer. Ons is tans besig om elke voorstel te evalueer in terme van ons begroting en praktiese uitvoerbaarheid, en ons sal julle gereeld op hoogte hou van die vordering hiermee.*

*Soos deur die AJV goedgekeur, stel ons tans die drie-maande-proeftydperk vir ons nuwe digitale platform, EstateMate, bekend. Ons soek vrywilligers om die stelsel saam met ons te toets. U het glad nie tegniese kennis nodig nie — net 'n gewone inwoner wat bereid is om te help. Meer besonderhede verskyn elders in hierdie uitgawe, en ons moedig u van harte aan om u naam vinnig vir Franzelle te stuur sodat ons hierdie loodsprojek aan die rol kan kry.*

*Ons wil ook ons opregte dank uitspreek teenoor ons sekuriteitspersoneel — die mense wat dag en nag, in die koue en die reën, getrou waghou oor ons lewens en eiendomme. Omdat julle daar is, kan ons met 'n geruste hart slaap. Julle toewyding word opreg deur elke inwoner van Monte Christo gewaardeer.*

*Aan die buitekant van ons hekke is die nuwe verkeersligte by die R102-kruising uiteindelik geïnstalleer en die Munisipaliteit het reeds begin met die toets- en programmeringsfase. Verdere aanpassings sal gemaak word sodra hulle die nodige data ingesamel het. Lees gerus meer hieroor in die Wyk 4-vergaderingsverslag.*

*Oor dinge wat ons plaaslik raak: op 2 Junie 2026 het drie van ons BK-lede die Mosselbaai Munisipaliteit se openbare Wyk 4-voorligtingsvergadering bygewoon waar die Burgemeester en sy span terugvoer gegee het oor munisipale sake. Een van ons raadslede het die vergadering noukeurig gedokumenteer en die terugvoer vir die hele span saamgestel — presies die soort ekstra myl wat ons landgoed vorentoe neem. U kan die volledige verslag elders in hierdie Kwetter lees.*

*As die nuwe BK is ons vasbeslote om deursigtig, eerlik en plat op die aarde te wees. Ons oë en ore is oop. Ons deure staan oop. En ons harte is oop vir elke inwoner van Monte Christo — want hierdie landgoed behoort aan ons almal.*

*Mag hierdie winter ons nader aan mekaar bring as bure. Gaan klop gerus by iemand aan, deel 'n pot sop, of steek 'n vuurtjie aan om bloot saam na die sterre te kyk. Dit is immers die rede hoekom ons gekies het om hier te woon.*

*Heinrich van Zweel*
*Voorsitter*
*Monte Christo Eko-Landgoed HEV*

Kwetter • Twitter Gazette Nuus News

# WATER — GOEIE NUUS OP ALLE FRONTE

## VAN DROOGTE NA OORVLOED IN EEN SEISOEN

Dit is moeilik om te glo dat ons vroeg in Januarie 2026 nog onder waterbeperkings geleef het. Die Wolwedans-dam — die hoof waterbron vir Mosselbaai — het op 7 Mei 2026 om 17:00 oorgeloop na weke se volgehoue reënval oor die Tuinroete. Die dam staan tans op 100.1% tot 100.33% kapasiteit — die beste vlakke in jare. Op 8 Mei 2026 het die Mosselbaai Munisipaliteit amptelik aangekondig dat alle waterbeperkings opgehef word. Die Klipheuwel- en Ernest Robertson-damme het ook bo kapasiteit gestyg.

Dit is werklik 'n rede om dankbaar te wees — en 'n herinnering van hoe vinnig die natuur 'n krisis kan omkeer as die reën val.

Terwyl ons die oorvloed geniet, bly verantwoordelike watergebruik 'n gewoonte wat ons gemeenskap kenmerk — dit beskerm ons toekoms, reën of skyn. Herstel lekkende krane dadelik, en onthou dat waterbeperkings vinnig kan terugkeer as die damvlakke weer daal.





KWETTER · TWITTER GAZETTE
Nuus News

# ESTATEMATE — PROEFTYDPERK VAN START

## ONS NUWE KOMMUNIKASIEHULPMIDDEL WORD GETOETS

Die AJV het met 'n duidelike meerderheid (133 JA, 45 NEE) goedgekeur dat Monte Christo 'n drie-maande-proeftydperk met EstateMate onderneem — 'n digitale kommunikasieplatform wat tans deur meer as 120 landgoede in Suid-Afrika gebruik word met oor 50 000 aktiewe gebruikers. Tydens hierdie proeftydperk sal die stelsel met die landgoed se eie data getoets word deur 'n groep vrywillige inwoners, voordat enige besluit oor volledige implementering geneem word.

Die BK het 'n streng evalueringsproses gevolg met gedetailleerde vrae aan die verskaffer oor databestuur, inhoudsverifikasie, gespreksmoderering, POPIA nakoming, en ondersteuning vir minder tegnologies-vaardige inwoners. Ons is tevrede met die antwoorde wat ontvang is en gaan voort met die proeflopie in goeie trou.

'n Kennisgewing met volledige besonderhede is reeds aan alle inwoners gestuur. Ons wag tans op julle aanmeldings as vrywilligers vir die proeftydperk. U hoef geen tegnologiese kenner te wees nie — ons soek gewone inwoners wat die stelsel in die praktyk wil toets. Elke vrywilliger is belangrik en tel.

Het u die kennisgewing nie ontvang nie, of wil u meer inligting kry? Kontak die landgoedkantoor by yolandi@montechristoestate.co.za of Franzelle by status10@status-mark.co.za.

# INFRASTRUKTUURVORDERING

## SPOEDHOBBELS, PAAIE EN STORMHERSTEL

Die langverwagte spoedhobbelprojek is in volle swang en vorder goed. Die installering geskied in fases: eers word een helfte van die hobbel geplaas om verkeer te laat deurry terwyl die beton vir minstens sewe dae verhard. Die tweede helfte volg daarna. Swaar voertuie moet intussen Black Eagleweg gebruik. Nuwe spoedhobbels en waarskuwingstekens is reeds geplaas in Secretary Bird-, Fish Eagle-, Cape Francolin-, Kingfisher- en Blue Crane Weë. Finale verf volg sodra alle hobbels voltooi is.








KWETTER · TWITTER GAZETTE
Nuus News





**Verbrede parkeerarea by hoofhek**

Die verbreding is voltooi. Langer voertuie behoort nie meer in Black Eagleweg uit te steek nie — groter veiligheid vir voetgangers en fietsryers.



**Stormskade — Mei 2026**

Die onlangse storms het geringe skade veroorsaak: 'n keermuur wat meegegee het, 'n erfmuur wat deur 'n omgewaaide boom beskadig is, en 'n boom wat Secretary Bird Weg tydelik versper het.

Dankie aan Gert Vermaak en sy span vir die vinnige en doeltreffende opruimingswerk— alle paaie is oop en veilig.

**Stormwaterkanaal**

Verdere voering van die stormwaterkanaal tussen Fish Eagle- en Secretary Birdrylaan is afgehandel. Erosie is onder beheer.

## SEKURITEIT

### VEILIGHEID BLY ONS HOOGSTE PRIORITEIT

Ons gemeenskap se veiligheid is iets wat ons nooit as vanselfsprekend aanvaar nie. Die afgelope tyd het die BK 'n konstruktiewe gesprek met ons sekuriteitsverskaffer, Niqua Sekuriteit, gevoer waarin belangrike sake bespreek is. Ons is verheug om te kan meld dat Niqua reeds proaktief optree: hulle het strenger toegangs- en veiligheidsmaatreëls ingestel en alle werkers wat buitelandse paspoorte gebruik, ingelig dat hul paspoorte en geldige werkspermitte te alle tye byderhand moet wees.

Terselfdertyd het die Bestuurskomitee besef dat ons toegangsdatabasis — die hart van ons sekuriteitstelsel — dringende aandag benodig. Ons is tans besig met die opruiming van rekords van persone wat nie meer in Monte Christo hoort nie, maar wie se toegang nog aktief is. Dit sluit in familie en vriende van vorige inwoners, kontrakteurs wie se diensverhouding geëindig het, en verouderde data wat nie meer akkuraat is nie. Om te verseker dat slegs goedgekeurde persone toegang tot ons landgoed verkry, kondig ons hiermee 'n volledige oudit van die toegangsdatabasis aan met onmiddellike effek. Hierdie proses sal deeglik en verantwoordelik hanteer word, met die volle ondersteuning van die BK. Ons sal binnekort meer besonderhede deel oor hoe inwoners hul rekords kan bevestig en opdateer.

Ons versoek alle inwoners vriendelik om enige inligting rakende individue wat na u mening ongemagtigde toegang tot die landgoed het, vertroulik aan Yolandi by die landgoedkantoor te rapporteer by yolandi@montechristoestate.co.za of telefonies by 044 050 0259. U kan kies om anoniem te bly. Veiligheid berus nie net op die sekuriteitswag by die hek nie — dit is 'n verantwoordelikheid wat ons almal deel. Saam sorg ons dat Monte Christo 'n plek bly waar ons met vrede kan woon.

Laastens versoek ons alle inwoners om toe te sien dat die vereiste dokumentasie vir hul werkers en gaste in orde is, en om enige veranderinge in toegangsbehoeftes dadelik by die kantoor aan te meld.

Herinnering aan alle nuwe inwoners en huurders: registreer asseblief eers by die landgoedkantoor voordat gesigsherkenning by die hek opgestel word. Sonder registrasie kan toegang nie gewaarborg word nie.

## Addisionele sekuriteitsverbeterings

Twee addisionele sonkragkameras is op die suidelike en oostelike grense van die landgoed geïnstalleer — areas wat voorheen buite die kameranetwerk geval het.

Die Stinger-energizerstelsel vir ons elektriese heining word tans opgradeer vir verhoogde doeltreffendheid.

Ons gesigsherkenning- en QR-kode stelsels bly ten volle operasioneel, en die DSS-toegangstelsel funksioneer sonder probleme.

Ons sekuriteitspersoneel voer gemiddeld 230 landgoedpatrollies en 131 heiningspatrollies per maand uit — stille, konsekwente werk wat dikwels onsigbaar is, maar van onskatbare waarde. Ons dank hierdie toegewyde manne en vroue opreg vir die beskerming wat hulle elke dag en nag aan ons gemeenskap bied.

'n Nuwe mededingende sekuriteitskontrak word tans voorberei en sal teen Oktober 2026 in werking tree.

## Langtermynplan: Vervanging van sekuriteitsheining

Die bestaande elektriese heining word voortaan jaarliks stelselmatig met hoë kwaliteit gegalvaniseerde draad vervang — binne die goedgekeurde kapitaalbegroting. Nie alle dele van die draad hoef onmiddellik vervang te word nie; ons doen dit verantwoordelik, gekontroleerd en gefasseerd soos fondse dit toelaat en binne ons begroting.

## PERSONEEL

### 'N NUWE PERMANENTE AANSTELLING EN GOEIE HERSTEL

**Gert Vermaak — Welkom as Permanente Toesighouer**

Ons is verheug om aan te kondig dat Gert Vermaak amptelik as permanente toesighouer van Monte Christo Eko-Landgoed aangestel is. Gert is geen vreemde gesig nie — hy het die afgelope twee jaar met uitsonderlike toewyding, vakmanskap en 'n warm hart gedien. Ons is bly dat hy nou permanent deel van die Monte Christo-span is. Baie welkom, Gert.

Ons dank ook die hele arbeidspan vir hul daaglikse, stille toewyding aan die skoonheid en veiligheid van ons landgoed. Julle word opreg waardeer.

**Harry van Bebber**

Ons is baie bly om te deel dat ons landgoedbestuurder, Harry van Bebber, weer terug is by die werk ná sy rugoperasie en siekverlof. Welkom terug, Harry! Ons hoop dit gaan vorentoe net van krag tot krag met jou herstel. 'n Groot dankie ook aan Yolandi Marais wat die fort so doeltreffend en met haar gewone vriendelikheid gehou het terwyl hy weg was.

# NATUUR EN OMGEWING

## WINTER IN DIE FYNBOS — 'N SEISOEN VAN HERLEWING

Vir baie mense is winter 'n tyd van inkeer en rus. In die fynbos is dit 'n tyd van onsigbare maar kragtige vernuwing. Die proteas vorm knoppe. Die ericas begin blom in tinte van pienk, rooi en wit. Die aalwyne binne ons landgoed staan in volle fleur — 'n warm wintergroet aan almal wat rond stap. Inheemse grasse dans in die suidewind. En na die reën hang 'n reuk oor Monte Christo wat geen lugverfrisser ooit kan naboots nie — die soet, aardse geur van nat fynbos.





## Voëlkykers se geluk

Winter is 'n wonderlike tyd om voëls te sien. Die bladlose struike maak skuilings wat anders verborge is, sigbaar. Kyk uit vir die Janfrederik wat in die ruigtes roep, die Visvanger wat by die dam op prooi wag, en die Bosuil wat in die koue aande sy gespooklike roep laat hoor.







## Indringerplante — Bly waaksaam

Rooikrans en ander uitheemse indringerplante bly 'n brandgevaar, selfs in die winter — juis omdat hulle vinniger groei as inheemse spesies tydens koeler, natter maande. As u indringerplante op u erf of in gemeenskaplike areas sien, rapporteer dit asseblief by die landgoedkantoor by yolandi@montechristoestate.co.za.

## Brand baan — Suidelike Grens

Die werk aan die brand baan langs ons suidelike grens by New Vintage vorder goed. Ons bly waaksaam oor brandveiligheid as deel van ons verantwoordelikheid teenoor die hele gemeenskap.

## Kuiergaste by die Landgoedkantoor

Die kantoor se tuin het vanjaar 'n besondere ere-gaste gehad. 'n Gesin Gewone Dikkop (Burhinus capensis — Spotted Thick-knee) het die blombedding by die kantoor ingang gekies as hul broeiplaas. Hierdie pragtige, stippelbruin voëls met hul groot geel oë en lang bene het twee kuikens grootgemaak — byna sonder versteuring, ook met mense in die nabyheid. Dikkoppe is hoofsaaklik nagaktief en broei op die grond in die oopte. Beide ouers hou wag en verdedig die nes met oopgespreide vlerke as gevaar dreig. Die kleintjies is nou amper so groot soos die ouers. Welkom by die Monte Christo-familie.











## WINTER TONELE







KWETTER · TWITTER GAZETTE
Nuus News

# WEET JY? — DIE WOLKGAT BO MONTE CHRISTO

**'N SELDSAME VERSKYNSEL OP 27 MEI 2026**

Op die middag van 27 Mei 2026 het inwoners van Monte Christo 'n opvallende verskynsel in die lug opgemerk: 'n perfekte, groot sirkelvormige opening in die wolkedek — asof iemand 'n stuk uit die lug uitgesny het.

Wat was dit? 'n Sogenaamde ook bekend as 'n hole punch cloud of cavum. Dit is 'n goed beskryfde meteorologiese verskynsel wat in sirkokumulus- of altokumulus-wolke voorkom — wolkeformasies wat saamgestel is uit superverkoelde waterdruppels; water wat ondanks temperature van onder nul vloeibaar bly, omdat dit geen stofdeeltjie het waaraan dit kan kristalliseer nie.

Wanneer 'n vliegtuig deur hierdie wolkelaag vlieg, veroorsaak die drukverlaging agter die vlerke 'n skielike afkoeling wat die superverkoelde druppels laat vries. Die ysdeeltjies val af en veroorsaak 'n kettingreaksie — meer en meer druppels vries en val, die gat word al groter. Die resultaat: 'n perfekte sirkelvormige opening met 'n sleep van yskristalle onderin.

Soms, as die son teen die regte hoek op hierdie dalende yskristalle skyn, kan iriserende strale in die middel van die gat gesien word. Dit is nie 'n UFO nie — maar dit is net so betowerend, of dalk selfs meer.

Het u 'n foto geneem? Stuur dit na die landgoedkantoor by yolandi@montechristoestate.co.za — ons oorweeg 'n "Monte Christo Hemel"-fotokompetisie vir die September-Kwetter!



# WYK 4 OPENBARE VERGADERING — 2 JUNIE 2026

## MONTE CHRISTO SE STEM BY DIE BURGEMEESTER

Op 2 Junie 2026 om 17:30 het die Mosselbaai Munisipaliteit se Burgemeester en verteenwoordigers 'n openbare Wyk 4-voorligtingsvergadering in die Volle Evangelie Kerk gehou. Drie BK-lede saam met ander Monte Christo inwoners het die vergadering bygewoon en verskeie sleutelkwessies wat Monte Christo direk raak, is formeel aan die Burgemeester en sy span voorgelê. 'n Toegewyde BK-lid het die vergadering noukeurig gedokumenteer en die gedetailleerde terugvoer vir die hele span saamgestel. Baie dankie Marius de Wet vir hierdie transkripsie. Hier volg die amptelike terugvoer:

### 1. Voertuigtelling buite die hoofhek

Daar bestaan reeds 'n ooreenkoms tussen die Mosselbaai Munisipaliteit, Monte Christo en Outeniquasbosch dat die T-aansluiting buite die hoofhek herontwerp sal word sodra die voertuigtelling 300 voertuie per uur bereik én fondse beskikbaar is. 'n Onafhanklike verkeerstelling is onlangs uitgevoer en die bevindinge sal binnekort beskikbaar gestel word. Die BK sal dit opvolg sodra die verslag ontvang word.

### 2. Verkeersligte by die R102-kruising

Die verkeersligte is geïnstalleer en die toets- en programmeringsfase deur die Munisipaliteit het begin. Die ontwikkelaar wat verantwoordelik is vir die kruisingontwerp, is versoek om die geen-regsdraaifase -kwessie vanaf Monte Christo na die R102 te ondersoek en aan te spreek. Verdere aanpassings sal moontlik gemaak word op grond van die toetsdata.

**3. Geen nooduitgang vir Monte Christo**

Die enigste haalbare opsie is tans om gebruik te maak van die bestaande serwituut aan die suidoostelike hoek van ons landgoed, wat aan die R102 gekoppel kan word. 'n Versoek aan Outeniquasbosch om 'n uitgang oor hul grondgebied toe te laat, is afgekeur. Die Munisipaliteit se verteenwoordiger het aangedui dat die R102-serwituutopsie moontlik is en verder ondersoek kan word.

**4. Gesprek met bevoegdheidsbeampte oor veiligheidsrisiko's en patrollies**

Die Munisipaliteit is versoek om 'n ontmoetingsdatum tussen Monte Christo BK verteenwoordigers en die betrokke bevoegdheidsbeampte te reël. Die BK sal veiligheidspunte van belang aan inwoners kommunikeer.

**5. Rioolopgradering — Suidelike Grens**

Die ontwerp vir die rioolopgradering is voltooi. Aangesien die riool buite die landgoedgrens geplaas moet word, weens die bestaande ontwikkeling aan die binnekant van die grenslyn, sal 'n Omgewingsimpakstudie vereis word. Die projek kan moontlik binne 'n jaar op die Munisipaliteit se begroting geplaas word. Die BK sal hierdie proses noukeurig monitor.

## 6. Selfoonontvangs — Aftreeoord

Die beplande oprigting van ’n selfoonmas by die aftreeoord bied hoop vir verbeterde opvangs in ons omgewing. Die Munisipaliteit het verduidelik dat hierdie 'n privaat ontwikkelingsprojek is wat reeds goedgekeur is, maar dat vordering deur die ontwikkelaar self bestuur word.

Die BK sal alle verdere verwikkelinge noukeurig opvolg en indien daar vordering is, in die September-Kwetter volledig verslag doen.



**Teenwoordig namens die Mosselbaai Munisipaliteit / Present on behalf of Mossel Bay Municipality:**

**Munisipale Amptenaar**

Uitvoerende Burgemeester - Dirk Kotze Hennie le Roux

**Finansiele Departement**

Direkteur Naidoo - Infrastruktuur Departement

Jaco Roux - Stadsbeplanner, Boubeplanning

Morne Olivier - Hoof van Elektrisiteitsdienste

Raadslid Annatjie Janse van Rensburg - Wyk 4 Raadslid, Mosselbaai Munisipaliteit

KWETTER • TWITTER GAZETTE
Nuus News

# LIEFDE VIR JOU NAASTE

## WINTERWARMTE — DIE UITDAGING

Daar is iets aan 'n koue winteraand wat ons herinner aan wat werklik belangrik is. Nie die klagtes of die vergaderings of die e-posse nie. Maar die mense langs ons. Die buurman wat alleen is. Die ou dame aan die einde van die straat. Die gesin met die klein kindertjies wat binnenshuis vasgevang is.

Het u geweet dat 21 Junie die kortste dag van die jaar is — In die ou kalender was 21 Junie ook Midwinter — die dag waarop die son sy laagste punt bereik. Vir ons is dit 'n herinnering dat selfs in die donkerste tye, die lig altyd begin terugkeer. Dis 'n perfekte dag om iemand te laat weet hulle word waardeer.

**Die BK wil julle uitdaag om hierdie Junie een konkrete ding vir 'n buurman te doen. Dit hoef nie groot te wees nie:**
Klop by iemand se deur en vra hoe dit werklik gaan. Neem 'n bak warm sop of 'n stuk kos oor die heining. Organiseer 'n klein koffie-oggend in julle straat. Skakel iemand wat julle al 'n paar maande nie gesien het nie.

Monte Christo is meer as 'n landgoed. Dit is 'n gemeenskap. En gemeenskappe word nie gebou deur reëls en regulasies nie — maar deur mense wat omgee vir mekaar.

Laat weet ons van julle winterinisiatief by die landgoedkantoor by yolandi@montechristoestate.co.za — ons deel dit in die September-Kwetter.





# RESEP — WARM WINTERAAND

## MONTE CHRISTO SE BOBOTIE-SOPPOT MET KANEELBROOD

***'n Monte Christo-skepping, geïnspireer deur die bekende Kaapse bobotie — troos kos wat die siel warm maak.***

### Bestanddele (6 porsies)

500 g gemaalde beesvleis of lam 2 groot uie, fyngekap 3 knoffelhuisies, fyngedruk 2 eetlepels kerriepoeier (of na smaak) 1 teelepel borrie 1 teelepel koljander ½ teelepel kaneelpoeier 2 blikke gekapte tamaties (400 g elk) 1 liter beesvleisaftreksel 2 eetlepels appelkooskonfyt 1 eetlepel suurlemoensap Sout en peper na smaak Olyfolie vir soteer

Garnering: 125 ml room of volroomjoghurt Vars koljander of pietersielie Gekapte amandels of sultanas (opsioneel)

### Metode

Braai die gemaalde vleis in 'n skeut olyfolie tot bruin. Verwyder en hou eenkant. Soteer die uie in dieselfde pot tot goudbruin — sowat 8 minute. Voeg knoffel en droë speserye by en roer vir twee minute tot geurig. Voeg tamaties, aftreksel, appelkooskonfyt en suurlemoensap by. Bring tot kookpunt. Voeg die vleis terug. Prut op lae hitte vir 30 minute. Geur met sout en peper. Skep in bakkies en garneer met 'n druppel room en vars kruie. Kaneelbrood: Smeer dik gesnyde witbrood met botter, strooi kaneelsuiker oor, en rooster tot goudbruin. Perfek vir doop. Vegetariese weergawe: Vervang die vleis met 'n blik lensies en 'n blik kerneels — net so hartlik en geurig.

***Wenk: Maak dubbel — neem 'n bak oor die heining. Buurmanskap het 'n lekker reuk.***

# ALGEMENE INLIGTING VIR INWONERS

**Bulk Vullisverwydering — Nuwe Munisipale Diens vanaf 1 Julie 2026**

Die Mosselbaai Munisipaliteit se bulk vullisverwyderingsdiens, wat by die AJV met 'n oorweldigende meerderheid (179 JA, 1 NEE) goedgekeur is, tree amptelik in werking op 1 Julie 2026. Hierdie diens sal die verwydering van huis - en tuinvullis op 'n gestruktureerde basis hanteer. ‘n Kennisgewing met die verwagte besparing in koste sal eersdaags aan alle eienaars versprei word.

Belangrik: die bestaande operasionele reëlings vir daaglikse vullisverwydering bly onveranderd. Geen veranderinge aan sakkleure, uitsettye, of huidige vullisroetines nie. Die nuwe munisipale diens is 'n aanvulling tot en nie 'n vervanging van die bestaande stelsel nie.

Swart sakke: gewone huishoudelike afval. Blou sakke: herwinbare materiaal. Groen sakke: tuinafval. Polistireen is nie herwinbaar nie — dit gaan in die swart sak. Sit asseblief voor 08:00 op Maandagoggende uit. Geen ekstra sakke by die sekuriteitshek beskikbaar nie. Vullissakke word een keer per kwartaal afgelewer (een pak per bewoonde erf).

**Rioolstelsel — dringend**

Die volgende mag absoluut nie in die toilet gespoel word nie: babadoeke, nat doekies, sanitêre produkte, tampons, oorstokkies en kondome. Dit veroorsaak ernstige blokasies en kan lei tot riool storting  in tuine — 'n gesondheidsrisiko vir u en u bure. Gebruik asseblief die vullissak.

## Karavane, bote en waentjies — wat sê die reëls?

Ons het onlangs 'n paar navrae gekry oor die parkering en stoor van karavane, bote en sleepwaentjies op die erwe. Volgens ons huidige Gedragsreëls (Hersiening 13) moet hierdie items altyd netjies, skoon en in 'n goeie, werkende toestand wees. Sorg asseblief dat hulle binne jou eie erfgrense staan — hulle mag onder geen omstandighede op die sypaadjies, gemeenskaplike areas of oop erwe geparkeer word nie. Die Bestuurskomitee hou 'n ogie oor die algehele voorkoms van ons landgoed, so ons vra asseblief dat almal saamwerk om dinge netjies te hou.

## Moet hulle toegemaak word?

Die goeie nuus is dat dit nie meer 'n absolute vereiste is om jou karavaan of boot toe te maak met 'n seil nie. Jy is welkom om hulle sonder 'n bedekking te stoor, mits die item self mooi opgepas en netjies lyk. Dit gaan dus eerder oor die algemene voorkoms as oor die seil self. As jy onseker is of jou voertuig of waentjie aan die vereistes voldoen, gesels gerus met die Landgoedbestuurder vir raad voordat jy enige groot skuiwe maak.

## Argitektoniese Riglyne

Weergawe 11 van die Argitektoniese Riglyne is beskikbaar op www.montechristoestate.co.za. Enige bouwerk of veranderinge aan u erf moet vooraf deur die Estetiese-subkomitee goedgekeur word.

## Honde en troeteldiere

Dra asseblief 'n sakkie vir bondels — dit is 'n reël, nie 'n versoek nie. Honde moet te alle tye aan 'n leiband gehou word in gemeenskaplike areas.

## Speelparke

Behandel die speelparke met respek sodat dit vir alle kinders beskikbaar bly.

## Slange en bye

Moenie self probeer hanteer nie. Skakel onmiddellik sekuriteit: 044 050 0260.

Neem asseblief net weer kennis dat vullis sakke word net **1 keer per kwartaal** afgelewer.  Daar is ongelukkig geen ekstra vullis sakke nie, want die munisipaliteit lewer net **1 pak** vullissakke per geboude woning per kwartaal in die landgoed af. Daar is ook geen vullissakke beskikbaar by die sekuriteit kantoor nie. Indien u dalk gaan nodig kry in die tydperk kan julle gerus by **Vredebest of Agri SSK aanvul.**

Alle vullis sakke moet asseblief teen **8h00 uitgesit wees op 'n Maandag oggend.**  Die Munisipalteit se groot vullis trok kom laai reeds teen 11h30 die swart sakke op.

**SWART SAKKE** – weggooibare vullis

**BLOU SAKKE** – Herwinbare vullis

**GROEN SAKKE** – Tuin vullis

Polystyrene is nie herwinbare vullis nie. Dit moet asseblief in swart sakke gegooi word.

Die **kantoor se telefoon nommer is (044)050 0259** en die volgende eposse kan gebruik word: harry@montechristoestate.co.za en yolandi@montechristoestate.co.za

**Kantoorure :**

Winter  (1 Mei – 31 Augustus):

- Maandag tot Donderdag: 08:00–17:00
- Vrydag: 08:00–15:00
- Naweke & openbare vakansiedae: Gesluit

Somertyd (1 September – 30 April):

- Maandag tot Donderdag: 07:00–16:00
- Vrydag: 07:00–14:00
- Naweke & openbare vakansiedae: Gesluit

Die sekuriteit se landlyn nommer is (044)050 0260 en die interkom stelsel nommer is 071 362 3519 (die nommer waarvandaan inwoners gekontak word as daar byvoorbeeld gaste of aflewerings is).

As daar enige nuwe huurders en ook nuwe eienaars in die Landgoed intrek, moet hulle asseblief eers by die landgoedkantore draai maak, alvorens hulle op die "Facial Recognition" stelsel geregistreer word. Daar sal hulle 'n vorm kry wat ingevul moet word, wat dan saam met die vorm by die sekuriteit ingehandig moet word.

Net 'n herinnering, wanneer u met u honde aan leibande gaan stap, dra asseblief 'n klein "poo bag" saam met u.

As daar enige waterlekke of rioollekke in die Landgoed is, kontak asseblief Sekuriteit sodat hulle dit aan die Munisipaliteit kan rapporteer. As daar enige slange of bye op u erf is en u wil dit verwyder hê, skakel asseblief Sekuriteit en hulle sal die relevante persone kry om dit te kom verwyder.

Daar word 'n beroep gedoen dat wanneer kinders die toerusting in die speelpark gebruik, asseblief dit nie verniel of beskadig nie. Daar was al verskeie kere in die verlede dat die toerusting gebreek was en vervang of herstel moes word.

Kinders op skaatsplanke en e-bikes moet asseblief nie Bluecrane Weg as 'n resiesbaan gebruik nie.

Hierdie is 'n dringende versoek aan alle inwoners van Monte Christo Eko Landgoed om asseblief nie vreemde voorwerpe in ons rioolsisteem te plaas nie. Monte Christo se rioolinfrastruktuur is nie ontwerp om babadoeke, nat- en gesigdoekies, sanitêre doekies, tampons, oorstokkies, kondome ensovoorts te hanteer nie. Hierdie items veroorsaak blokkasies wat tot gevolg het dat die riool in iemand se tuin by die mangat uitloop. Julle samewerking in hierdie verband sal opreg waardeer word.

Alle eienaars wat hulle huise op langtermyn verhuur, moet asseblief sorg dat indien daar enige belangrike kennisgewings uitgaan, dit asseblief deurgegee word aan die huurder. As die verhuurders enige belangrike kennisgewings ontvang, maak asseblief seker dat die huurders dit ook kry.

Alle eienaars en inwoners moet asseblief sorg dat indien daar enige aflewerings by julle huise gaan plaasvind, die maatskappy/diensverskaffer wat nie op Monte Christo se Gesigsherkenningstelsel geregistreer is nie, ingelig word dat almal wat saam die aflewering gaan doen, hulle ID-dokumente by hulle moet hê. Andersins gaan toegang deur Sekuriteit geweier word.

Alle inwoners en eienaars moet asseblief sorg dat indien julle enige aflewering kry van 'n maatskappy/diensverskaffer wat nie op die Monte Christo Gesigsherkenningstelsel geregistreer is nie, al die persone betrokke by die aflewering hulle ID-dokumente by hulle het. Andersins sal toegang tot die Landgoed nie toegestaan word nie

# WEET JY?

Die naam Hartenbos herinner ons aan 'n tyd toe hartebeeste — groot, sepia-bruin bokke met V-vormige horings — volop in hierdie deel van die Tuinroete was. Hierdie pragtige diere het in die loop van die 20ste eeu uit die gebied verdwyn weens jag en habitatverlies, maar hul naam leef voort in elke straatadres en elke wintervakansie wat hier deurgebring word.

En 'n nog ouer storie: Mosselbaai staan bekend as die plek waar skeepslui in die vroeë 1500's briewe in 'n skoen onder 'n melkhoudboom versteek het vir opvolgende skepe — die eerste bekende "posdiens" in Suidelike Afrika. 'n Pragtige herinnering dat hierdie dorp al eeue lank mense verbind.

Monte Christo Eko-Landgoed beslaan 35 hektaar van hierdie historiese landskap en is tuis aan 'n lewendige gemeenskap:

| | |
|---|---|
| **Getal bewoonde erwe** | **451** |
| **Getal vakante erwe** | **52** |
| **Getal bouprojekte** | **2** |
| **Getal beskikbare posbusse** | **73 uit 149 posbusse is beskikbaar** |

# HELP ONS OM HIERDIE KWETTER BETER TE MAAK VIR JOU

Ons Kwetter word tans hoofsaaklik in Afrikaans geskryf met Engelse insetsels by van die  afdelings. Ons wil graag weet of dit vir u werk — en of u 'n ander formaat sou verkies.

Laat weet ons asseblief by die landgoedkantoor by yolandi@montechristoestate.co.za wat u voorkeur is:

1. Ek is tevrede met die huidige formaat — Afrikaans met Engelse insetsels.
2. Ek sou 'n meer gebalanseerde 50/50-verdeling verkies — elke afdeling volledig in beide tale.
3. Ek sou 'n volledig tweetalige Kwetter verkies — elke afdeling volledig in Afrikaans én volledig in Engels.
4. Geen voorkeur nie — enige formaat werk vir my.
5. Ek verkies 'n volledig Engelse Kwetter.

U insette sal ons help om die Kwetter so toeganklik en leesbaar as moontlik te maak vir alle inwoners. Ons waardeer u terugvoer opreg.

**DANKIE AAN BYDRAERS**

Die Bestuurskomitee bedank alle inwoners wat waardevolle insette tot hierdie Kwetter se inhoud gelewer het — hetsy foto's, idees of terugvoer. Julle maak ons nuusbrief sterker en meer relevant vir die hele gemeenskap.

Bydraes vir die September-Kwetter is welkom voor 20 Augustus 2026 by die landgoedkantoor by yolandi@montechristoestate.co.za.

# DIE KWETTER IS NOU OP ONS WEBTUISTE BESKIKBAAR

Ons is bly om aan te kondig dat die Monte Christo Kwetter voortaan op ons webtuiste beskikbaar sal wees. Franzelle Liebenberg van Status-Mark sal 'n e-pos aan alle inwoners stuur met 'n skakel wat u direk na die nuusbrief blad neem.

Daar kan u die Kwetter aanlyn lees of die PDF na u toestel aflaai wanneer dit vir u gerieflik is. Hierdie stelsel is die voorkeur metode soos aangedui deur 'n opname onder inwoners — dit verseker 'n ligte, betroubare e-pos sonder die probleme wat met groot aanhangsels gepaard kan gaan.

Wil u die Kwetter as 'n PDF direk aan u e-pos gestuur kry? Geen probleem nie — stuur bloot 'n versoek aan Franzelle by status10@status-mark.co.za en sy sal met groot plesier 'n PDF-kopie aan u stuur.



KWETTER · TWITTER GAZETTE
NuusNews

# Julie Spyskaart 2026

**Vir Bespreking Skakel :**
Bianca Harris 083 894 5349
biancadickshharris@gmail.com

TASTE OF HOME COOKING
BIBI'S KITCHEN

**Het Jy Geweet BiBi Maak Soet / Sout Platters & Koeke !**
**Skakel Gerus Vir Navrae & Pryse**

| Maandae – Vrydae<br>R 115 pp<br>Sondae<br>R 140 pp<br>Wegneem Etes<br>Verpakking<br>R 15 pp<br>Aflewerings Kostes<br>R 10 pp | *Rugby Op Groot Skerm - 4 , 11 , 18 Julie ( 17h40 )*<br>*Moenie Uitmis Nie ! Advertensies Volg ...* | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| | | **Woensdag 1** | **Donderdag 2** | **Vrydag 3** | **Sondag 5** |
| | | Hoender<br>Herdespastei<br>Gekrummelde<br>Eiervrug<br>Beet Slaai<br>Jellie & Vla | Vark & Sampioen Pot<br>Kapok Aartappels<br>Geroosterde Groente<br>Bakbone Slaai<br>Koek Nagereg | Maalvleis 'Bolognese'<br>Spaghetti Pasta<br>Roerbraai Groente<br>Kekertjie Slaai<br>Koeksister Nagereg<br>Koffie / Tee / Sap | Sop Voorgereg<br>Geroosterde Hoender & Sous<br>Soet Wortel Gebak<br>Outydse Groenbone<br>Geurige Rys & Baba Aartappels<br>Slaai Stasie<br>Koekstruif Nagereg<br>Koffie / Tee |
| **Maandag 6** | **Dinsdag 7** | **Woensdag 8** | **Donderdag 9** | **Vrydag 10** | **Sondag 12** |
| Groenbone & Bees Bredie<br>Bruin Rys<br>Soet Patat Tert<br>Komkommer & Pynappel Slaai<br>Hertzoggie Nagereg | Hoender Pastei & Sous<br>Groente Rys<br>Roosmaryn Aartappels<br>Room Spinasie<br>Mengelslaai<br>Sago Gebak & Vla | Volstruis Nek Bredie<br>Kapok Aartappels<br>Soet Pampoen Poffers<br>Tamatie Slaai<br>Koekie Nagereg<br>Koffie / Tee / Sap | Bobotie<br>Geel Rys<br>Soet Pampoen<br>Geroosterde Groenbone<br>Salsa Slaai<br>Gestoofde Vrugte & Vla | Visvinger Gebak<br>Geelrys<br>Gekookte Mielies<br>Soet Ertjies<br>Koolslaai<br>Dadelblok Nagereg<br>Koffie / Tee / Sap | Krokket & Slaai Voorgereg<br>Geroosterde Eishbein<br>Kapok Aartappels<br>Groente Gebak<br>Soet Patat Tert<br>Broodpoeding & Vla<br>Koffie / Tee |
| **Maandag 13** | **Dinsdag 14** | **Woensdag 15** | **Donderdag 16** | **Vrydag 17** | **Sondag 19** |
| Bees & Groente Kerrie<br>Basmati Rys<br>Poppodum<br>Soet Pampoen<br>Salsa Slaai<br>Jellie & Vla | Hoender & Groente Pot<br>Bruin Rys<br>Soet Patat Poffers<br>Mengelslaai<br>Kolwyntjie Nagereg<br>Koffie / Tee / Sap | Gebakte Vis<br>Aartappel Wiggies<br>Pampoen & Patat Gebak<br>Kool Slaai<br>Malva Gebak & Vla | Lam Boud Tjop & Sous<br>Bruin Rys<br>Outydse Groenbone<br>Soet Wortels<br>Mengelslaai<br>Doppie Nagereg<br>Koffie / Tee / Sap | Vark Repies<br>Boerewors<br>Aartapelslaai<br>Kerrie Pasta Slaai<br>Tamatie / Uie & Kaas Knypkoek<br>Melktert Nagereg | Sampioen & Slaai Voorgereg<br>Geroosterde Beesboud & Sous<br>Geurige Rys & Gebakte Aartappels<br>Brokkoli & Blomkool Gebak<br>Soet Patats<br>Gemmer Gebak & Vla<br>Koffie / Tee |
| **Maandag 20** | **Dinsdag 21** | **Woensdag 22** | **Donderdag 23** | **Vrydag 24** | **Sondag 26** |
| Kerrie Maalvleis Frikkadelle<br>Kapok Aartappels<br>Geroosterde Groenbone<br>Soet Lemoen Wortels<br>Salsa Slaai<br>Brownie Nagereg<br>Koffie / Tee / Sap | Hoender Schnitzel & Sous<br>Aartappel Gebak<br>Geroosterde Groente<br>Soet Patat Poffers<br>Kekerertjie Slaai<br>Pynappeltert Nagereg | Bees & Tamatie Bredie<br>Stampmielies<br>Naan Brood<br>Wortel Slaai<br>Melktert Nagereg<br>Koffie / Tee / Sap | Bees Fillet Repies<br>Konsertina Knoffel Aartappel<br>Gevulde Botterskorsie<br>Soet Wortel Gebak<br>Mengelslaai<br>Jellie & Vla | **Winter Funksie**<br>**GEEN MIDDAG ETE** | Sop Voorgereg<br>Geroosterde Vark Boud & Sous<br>Kapok Aartappels<br>Gemengde Groete<br>Soet Patat Rol<br>Slaai Stasie<br>Vrugte Gebak & Vla<br>Koffie / Tee |
| **Maandag 27** | **Dinsdag 28** | **Woensdag 29** | **Donderdag 30** | **Vrydag 31** | |
| Skaapstertjie Bredie<br>Bruin Rys<br>Gevulde Botterskorsie<br>3 Bone Slaai<br>Gemmer Gebak & Vla | Beesvleis & Groente Pot<br>Stampmielies<br>Naanbrood<br>Beetslaai<br>Doppie Nagereg<br>Koffie / Tee / Sap | Hoender Kerrie<br>Basmati Rys<br>Geroosterde Soet Pampoen<br>Poppodum<br>Salsa Slaai<br>Brownie Nagereg | Gekrummelde Vark Tjop<br>Aartappel Gebak<br>Room Spinasie<br>Soet Patats<br>Kool Slaai<br>Koeksisters Nagereg | Tuna Pasta Gebak<br>Roerbraai Groente<br>Knoffelrolletjie<br>Komkommer Slaai<br>Peppermint Crisp Nagereg | |

# DIE VERSOEKEBOEK
# NUUT, VERBETER EN GEREED VIR AKSIE!

Monte Christo is 'n gemeenskap wat op samewerking gebou is. Een van die belangrikste hulpmiddels wat ons het om dinge vlot te laat loop, is ook een van die eenvoudigste — die versoekeboek. Hierdie boek is die amptelike kanaal vir enige inwoner of eienaar om 'n versoek, bekommernis, voorstel of waarneming by die landgoedkantoor aan te meld. Dit is beslis nie net 'n klagteboek nie; dit is 'n waardevolle kommunikasiemiddel, 'n daaglikse werkslys, 'n opvolgstelsel en die bewys dat ons landgoed aktief bestuur word.

Ons Grondwet en Gedragsreëls wys die versoekeboek uitdruklik aan as die korrekte amptelike kanaal om sake onder die bestuur se aandag te bring. Ons Gedragsreëls verwag eintlik van elke inwoner om dinge aan te meld sodra hulle dit raaksien — want as ons nie van 'n probleem weet nie, kan ons dit immers nie oplos nie.

**<u>Wat het ons verbeter?</u>**

Die BK en die landgoedbestuurder het onlangs die versoekeboek deeglik hersien en besluit dit is tyd vir 'n behoorlike opgradering. Die ou fisiese boek is nou omgeskakel na 'n netjiese, gestruktureerde digitale stelsel op die rekenaar. Elke enkele item word nou elektronies aangeteken, aan die regte persoon toegewys en deurgevoer tot dit uitgesorteer is — met volledige deursigtigheid vir die BK.

Die BK gaan voortaan die nuwe versoekeboek by elke maandelikse vergadering deurgaan. Items wat langer as twee weke uitstaande is, sal spesiale aandag kry. Waar nodig, sal die BK ekstra ondersteuning inspan — of dit nou gaan oor bykomende personeel, kundiges van buite, begroting of direkte BK-betrokkenheid. Geen item gaan bloot in 'n laai verdwyn nie.

Sodra ***EstateMate*** — ons nuwe digitale kommunikasieplatform wat tans getoets word — ten volle in werking is, gaan die versoekeboek heeltemal daarin geïntegreer word. Jy sal dan 'n versoek direk vanaf jou foon kan indien, 'n verwysingsnommer kry en intyds kan sien presies hoe ver jou navraag is.

**Wat kan jy alles aanmeld?**

Die versoekeboek is daar vir enigiets wat jou daaglikse lewe op Monte Christo raak:

- **Onderhoud en infrastruktuur:** Paaie, stormwaterdreine, ligte, heinings, gemeenskaplike tuine, voetpaadjies en straattekens.
- **Sekuriteit:** Enige bekommernis oor toegangsbeheer, ongemagtigde persone of sekuriteitsprosedures.
- **Reëloortredings:** Voertuie wat in die pad geparkeer is, honde wat losloop, geraas, eiendomme wat verwaarloos lyk, of enige ander oortreding van ons Gedragsreëls. Onthou: die BK kan slegs optree as ons van 'n saak weet. As jy dit sien, meld dit asseblief aan.
- **Dienste:** Vullisverwydering, die tuinspeletjies, werkers se gedrag of enige daaglikse operasionele saak wat aandag kort.
- **Voorstelle en goeie idees:** Het jy 'n blink gedagte oor hoe ons iets op die landgoed kan verbeter? Skryf dit neer! Die BK waardeer konstruktiewe insette opreg. Ons het reeds verskeie baie goeie voorstelle van lede ontvang en is besig om daarna te kyk.
- **Woorde van dankie:** Ons personeel en sekuriteitswagte werk bitter hard — dikwels agter die skerms — om ons landgoed elke dag 'n beter plek te maak. 'n Woordjie van dank of aanmoediging is altyd welkom en word opreg deur die hele span waardeer.

## Hoe dien jy 'n item in?

1) Besoek die landgoedkantoor persoonlik tydens kantoorure en teken jou versoek aan.

2) Stuur 'n e-pos aan Yolandi by yolandi@montechristoestate.co.za met 'n duidelike beskrywing van jou versoek of bekommernis.

Niemand hoef te skroom nie — jou item sal aangeteken, opgevolg en beantwoord word.

## 'n Laaste gedagte

Die versoekeboek werk. Dit het nog altyd gewerk. Maar soos enige stelsel, werk dit net as ons gemeenskap dit aktief gebruik. Monte Christo se hoë standaarde word in stand gehou deur mense wat genoeg omgee om op te tree as iets skeefloop — en om dit deur die regte kanale te doen. Die versoekeboek is jou stem. Gebruik dit gerus!

# ESTATE OFFICE STAFF / LANDGOED BESTUUR

**Harry van Bebber**

Estate Manager

Office no : 044-050-0259

harry@montechristoestate.co.za

Work cell phone no: - 074 347 8955



**Yolandi  Marais**

Office Administration and

Secretarial Services:

Office no: 044-050-0259

yolandi@montechristoestate.co.za









| | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 8 | | | 4 | | 6 | | | 7 |
| | | | | | | 4 | | |
| | 1 | | | | | 6 | 5 | |
| 5 | | 9 | | 3 | | 7 | 8 | |
| | | | | 7 | | | | |
| | 4 | 8 | | 2 | | 1 | | 3 |
| | 5 | 2 | | | | | 9 | |
| | | 1 | | | | | | |
| 3 | | | 9 | | 2 | | | 5 |

| | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | 8 | | 1 | | | |
| | | | | | | 4 | 3 | |
| 5 | | | | | | | | |
| | | | | 7 | | 8 | | |
| | | | | | | 1 | | |
| | 2 | | | 3 | | | | |
| 6 | | | | | | | 7 | 5 |
| | | 3 | 4 | | | | | |
| | | | 2 | | | 6 | | |




**Sudoku: The 3 Core Rules**

1. Every Row Must Contain 1-9: Each of the 9 horizontal rows must hold all numbers from 1 to 9 without any duplicates or omissions.
2. Every Column Must Contain 1-9: Each of the 9 vertical columns must hold all numbers from 1 to 9 without any duplicates or omissions.
3. Every 3x3 Block Must Contain 1-9: The large 9x9 grid is broken down into nine smaller 3x3 squares. Each of these sub-grids must hold all numbers from 1 to 9 without repetition. [1, 2, 3, 4]



# ADVERTISEMENTS










**ADVERTISING ENQUIRIES:**
Contact: Yolandi Marais (Operations Assistant- Estate office on: 044 050 0259) or
yolandi@montechristoestate.co.za

**VRYWARING:**

Hierdie e-nuusbrief is saamgestel om nuus en nuttige inligting aan die eienaars van eiendom en ander inwoners in Monte Christo te verskaf. Dit word deur die Monte Christo Huiseienaarsvereniging (HEV) in samewerking met 24/7 Computers aangebied en versprei op versoek van die HEV deur Status-Mark. Hoewel alle moontlike stappe geneem word om te verseker dat die inhoud korrek is, kan die HEV en ander partye nie aanspreeklik gehou word nie.



# EMERGENCY NUMBERS

## Police

**Mossel Bay Station**
044 606 2805
082 522 3278
082 522 3358

**Da Gamaskop Station**
044 606 2201/7/8
082 379 2449

**Kwanongaba Police**
044 606 5606
082 3025927

## Municipality

**Call Centre & After Hours**
044 606 5000

**Municipal Water**
044 606 5262/82

**Municipal Electricity**
044 606 5082

**SMS Complaints**
44802

## Traffic Dept.

**Mossel Bay TD**
044 606 5201
044 606 5000

## Ambulances

**Metro Ambulance**
044 805 5070

**Ambulance**
10177
044 691 3170

**By Grace Ambulance**
063 675 1936

**ER24**
084 124
083 454 1175

## Hospital

**Bay View Private Hospital**
044 691 3718

**Mossel Bay Provincial Hospital**
044 691 2011

## S.P.C.A.

**Mossel Bay**
044 693 0824
072 287 1761

## Fire Dept.

**Mossel Bay FD**
044 691 3722
044 606 5107
044 606 5000

**Report Wild Fires**
044 805 5071

## N.S.R.I

**Mossel Bay**
082 990 5954

## Surf & Life Saving

**Mossel Bay**
083 462 1182
(Dec - Jan)

## Animal Rescue

**Mossel Bay Stranded Marine Animal Rescue Team**
072 227 4715

## Neighbourhood Watch

**Aalwyndal**
082 779 1047

**Bayview**
082 491 3163
072 301 7700

**Bo Dorp**
061 534 0740
082 651 6228

**Da Nova**
076 407 8147
064 156 0984

**Danabaai**
079 414 0481

**Diaz, Boland Park & Voorbaai**
083 721 1641

**Hartenbos CSF**
079 244 7472

**Hartenbos Heuwels, Menkenkop & Seemeeu Park**
060 828 4359 (Calls Only)

**Heiderand**
072 929 5510
083 561 1049
063 314 0783

**Island View**
083 250 4112

**Onder Dorp**
071 514 4501
082 702 2607

**Sonskyn**
076 567 0614

**Tarka**
083 310 9335




# NOODSITUASIES OM TE RAPPORTEER

**062-117-3625 | 044-050-0260**

**NOODSITUASIES OM TE RAPPORTEER SLUIT IN:**



Gebarste waterpype asook waterlekkasies by Munisipale aansluitings.



Riool wat oorloop.



Gedeeltes van dorpsligte buite werking as gevolg van moontlike kragonderbrekings / foute.



Lamppale se gloeilampe wat geblaas het.



Bye wat nes maak.



Slange.



Rusverstoring.



Troeteldiere wat sonder toesig rondloop.



Kontrakteurs & Diensverskaffers wat werk buite neergelegde ure.

*Enige ander ongerymdhede.*

**062-117-3625 | 044-050-0260**